eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

BYLAAG A: Vraag 4: Wêreldtydsonekaart



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

BYLAAG B: Vraag 7: Van sakke na rykdom

Dit het in 2001 by die Thomas Moore Kollege in KZN begin. Kunsonderwyseres Paula Thomson en haar Graad 10-klas het begin met gemeenskapsdiens om 13 werklose vrouens die vaardigheid van materiaalverf te leer. Die vrouens was van benadeelde areas waar hulle op een of ander manier mense met HIV/VIGS versorg het. Baie van hierdie vrouens het geen inkomste gehad nie. Materiaal en ander benodighede is van klein plaaslike besighede gekoop en alles moontlik is gedoen om herwinde produkte vir hierdie onderneming te gebruik.

Die onderneming het wedersyds voordele gebied aangesien die vrouens op hulle beurt die Graad 10-studente gehelp het om die plaaslike taal aan te leer. Terwyl die Graad 10-studente ontwerpe op die materiaalinkopiesakke geteken het, het die plaaslike vrouens dit geverf. Aangesien plastiek- sakke duur geword het om te koop en ook nie bio-afbreekbaar is nie, het Paula gehoop dat hulle die materiaalsakke in plaas van plastieksakke by vlooimarkte kan verkoop. In ruil sou die wins wat gegenereer is, na die plaaslike vrouens gaan. Dit het help betaal vir die medisyne vir die HIV-positiewe mense en het aan hulle versorgers 'n inkomste verskaf.

By 'n plaaslike konferensie in Durban het 'n unieke geleentheid om hierdie produkte te verkoop, opgeduik en 1 000 sakke is vir die konferensiegangers bestel. Dit het gelei tot die skepping van 'n nuwe mark. Toe die buitelandse afgevaardigdes met hulle Afrika-sakke huiswaarts keer, het die bestellings begin inkom van so ver as Holland en Kanada af. Goeie mondelinge terugvoer en 'n duidelike bemarkingstrategie het gehelp om hulle saak te dryf.

Vyftien jaar later het *Woza Moya* amper 400 handwerkers gehad en hulle jaarlikse omset het gegroei van R2000 tot R8,5 miljoen. *Woza Moya* is 'n gesertifiseerde *Fair Trade*-organisasie – terwyl hulle deeltyds van die huis af werk, kan die vrouens hulle kinders versorg. Die volhoubare inkomste het ook positiewe veranderinge in hulle lewensomstandighede teweeg-gebring. Sommige van die handwerkers kon hulle modderhutte met steenhuise vervang en ook betaal vir elektrisiteit. Dit het die vermenigvuldigereffek in die gemeenskap gestimuleer.

[Aangepas uit *Country Life*, Februarie 2018 bl. 69]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

BYLAAG C: Vraag 8: Nuutste oor die impak van brande op Knysna se toerisme

"Die meeste van Knysna se toerisme is ongeskonde en die dorp verwelkom besoekers", het Alan Winde, Minister van Ekonomiese Geleenthede, gesê.

Ongeveer 30 toerismebesighede in die Suid-Kaap is beskadig en byna 500 beddens is verloor. Die goeie nuus is dat die meeste akkommodasiefasiliteite soos gewoonlik sake doen.

Toeriste spandeer normaalweg R2 biljoen per jaar in Knysna. Ten spyte van die skade aan dele van die dorp se toerisme-infrastruktuur, is toerisme in die gebied aan die herstel.

Hierdie gebied se toerismesektor het baie ondersteuning gekry. Ons het 4 000 beddens beskikbaar en wat gewoonlik 'n baie besige tyd vir Knysna is, kom nader. Die *Oesterfees* sal voortgaan soos beplan. Dit lok gewoonlik meer as 7 000 besoekers en genereer meer as R100 miljoen vir die plaaslike ekonomie. Die belangrikste is dat dit 2 000 werksgeleenthede in die plaaslike gemeenskap geskep het.

Ander gewilde gebeurtenisse/geleenthede op die Knysna-kalender sluit die volgende in:
Knysna Keltiese Fees, Knysna-kunstefees, Suid-Afrikaanse Kano-polo Kampioenskappe en die populêre *Sedgefield-mark*.

Knysna is op die N2-Tuinroete geleë en sodoende trek hierdie hoogtepunte plaaslike sowel as internasionale toeriste.

Die Knysna-waterfront bied wêreldklas akkommodasie en eetplekke. Daar is ook unieke inkopie-ervarings. Die Knysna-munisipaliteit gebruik die geleenthede wat toerisme bied om beleggers te lok. Hulle het die slagspreuk "***Waar mense en die natuur floreer***" aangeneem.

Die minister het R100 000 geallokeer om die *Knysna Oesterfees* as ideale winterbestemming te bemark en te borg. Hy sal ook 10 ander geleenthede in hierdie gebied, wat 'n groot rol in die skepping van werksgeleenthede speel, borg.

[<https://www.westerncape.gov.za/news/latest], 31/1/2018]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

BYLAAG D: Vraag 7: Nasienrubriek vir konsepkaart

Kriteria	4	3	2	1	0	Moontlike punte
Begrip van die term volhoubare toerisme.		Kandidaat toon in-diepte begrip van die term met gedetailleerde bewyse uit die leesstuk om dit te ondersteun.	Die kandidaat toon begrip met bewyse uit die leesstuk om dit te ondersteun.	'n Vae poging, maar die student verstaan nie die term ten volle met betrekking tot die leestuk nie.	GEEN poging is aangewend om hierdie vraag te antwoord nie.	**3**
Die drie faktore wat volhoubare en verantwoorde-like ontwikkeling beïnvloed.		All DRIE faktore is genoem.	Slegs TWEE faktore is genoem.	'n Vae poging en/of slegs verwys na EEN faktor.	Geen poging om hierdie onderwerp te adresseer nie.	**3**
Analise van die volhoubaar-heid en verant-woordelikheid van hierdie onderneming.	'n Uitstekende analise is gedoen wat in-diepte eie kennis en begrip insluit. **4 × 2**	Kandidaat doen 'n in-diepte analise wat 'n in-diepte begrip van hierdie onderneming in terme van volhoubaar-heid aandui. **3 × 2**	Kandidaat doen 'n billike analise wat 'n goeie begrip van hierdie onderneming in terme van volhoubaar-heid aandui. **2 × 2**	Kandidaat doen 'n swak analise wat 'n power begrip van hierdie onderneming in terme van volhoubaar-heid aandui. **1 × 2**	Glad nie geadresseer nie.	**8**
Vermenigvul-digereffek en die impak daarvan op die plaaslike gemeenskap.		Gesofistikeer-de illustrasie van die vermenigvul-diger-effek en die impak op die plaaslike gemeenskap. **3 × 2**	Kandidaat dui 'n goeie begrip van die vermenigvul-digereffek aan, maar bewyse wat die impak op die plaaslike gemeenskap ondersteun, ontbreek. **2 × 2**	'n Vae poging om hierdie onderwerp te adresseer met 'n beperkte begrip van die vermenigvuldi-gereffek. **1 × 2**	Geen poging om hierdie onderwerp te adresseer nie.	**6**
Verbande dui onderlinge verhoudings aan met 'n verduideliking daarvan.		Al die moontlike verbande is aangedui met verduidelikings.	Die meeste verbande is aangedui met verduidelikings.	Slegs sommige verbande is aangedui of geen verduideliking daarvoor nie.	Geen verbande aangedui.	**3**
Uitleg van konsepkaart.		Uitleg aangebied op 'n gesofistikeer-de en uitsonderlik logiese manier.	Uitleg aangebied op 'n logiese en duidelike manier.	Uitleg aangebied met 'n paar ontbrekings.	Uitleg maak nie sin nie.	**3**
Sleutel in verskillende kleure en geskikte titel.	Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan en konsepkaart het 'n geskikte titel.	Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan, maar konsepkaart het geen titel.	'n Paar klein probleme met die sleutel.	Groot probleme met die sleutel.	Geen sleutel.	**4**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

BYLAAG E: Vraag 8: Nasienrubriek vir die opstel

Kriteria	4	3	2	1	0	Moontlike punte
Organisasie en meganika.		Inligting is baie goed georganiseer met goed gekonstrueer-de paragrawe. Slegs klein grammatika-, spelling en/of punktuasie-foute. Titel is geskik.	Georgani-seerd met goed gekonstrueer-de paragrawe. 'n Paar grammatika-, spelling en/of punktuasie-foute. Titel is ingesluit.	Ongeorgani-seerd en baie grammatika-, spelling en/of punktuasie-foute OF titel is weggelaat.		**3**
Korrekte identifikasie van die situasie waarna in die artikel verwys word.		Identifiseer die situasie in die leesstuk en verskaf TWEE voorbeelde van verskillende gebeurtenisse wat wêreldwyd voorkom.	Identifiseer die situasie in die leesstuk en verskaf slegs EEN verdere voorbeeld van verskillende gebeurtenisse wat wêreldwyd voorkom.	Identifiseer die situasie waarna in die leesstuk verwys word, maar geen verdere voorbeelde is gegee nie.	Geen beskrywing gegee.	**3**
Analise van die ekonomiese impak wat toerisme op die groter Knysna-gebied het.	Kandidaat kan vier of meer voorbeelde van die ekonomiese impak op toerisme in die groter Knysna-gebied gee. **4 × 2**	'n Minimum van drie direkte maniere waarop toerisme waardevolle bydraes gemaak het tot plaaslike besigheid. **3 × 2**	Kandidaat kan slegs een of twee bydraes identifiseer. **2 × 2**	Kandidaat het nie die waarde van die bydraes van toerisme tot die plaaslike besigheid verstaan nie of het die vraag misverstaan, maar tog 'n poging aangewend om te antwoord. **2**	Geen poging om dit te adresseer nie.	**4 × 2 = 8**
Analise van beide die korttermyn- en langtermyn-impak van hierdie ramp op die drievoudige basislyn.	Gesofistikeer-de begrip van die impak op al drie pilare van die drievoudige basislyn. **4 × 3**	Duidelike begrip van die impak op die drievoudige basislyn. **3 × 3**	Kandidaat het of een pilaar uitgelaat of die drievoudige basislyn OF detail uitgelaat. **2 × 3**	Kandidaat het of meer as een van die pilare uitgelaat en/of meer as een nie geadresseer nie. **3**	Geen poging om hierdie aspek te adresseer nie. **0**	**4 × 3 = 12**
Voorbeelde van strategieë om te verseker dat daar aan toeriste se behoeftes voldoen word en toeristebesoe-ke aangemoedig word.	Kandidaat het twee of meer voorbeelde met gesofistikeer-de insig in die langtermyn-voordele vir die plaaslike gebied verskaf.	Kandidaat het TWEE voorbeelde en 'n insiggewende verduideliking van die langtermyn-voordele vir die plaaslike gebied verskaf.	Kandidaat het TWEE voorbeelde verskaf en het nie insig in die langtermyn-voordele vir die plaaslike gebied verskaf nie.	Kandidaat het slegs EEN voorbeeld verskaf sonder om die langtermyn-voordele vir die plaaslike gebied te verduidelik.	Geen poging om dit te adresseer nie.	**4**

[30]

Downloaded from eduresourceza.com